
# 309 Nader my God by U




Al is ek ver op reis, dwaal ek alleen;
al moet ek snags my hoof, rus op 'n steen;
dan bring my drome my, nader, my God, by U;
nader, my God, by U, steeds naderby!

Dan sien my geestesoog, 'n hemelleër:
eng'le gaan daar omhoog, en daal weer neer;
hul wink en roep vir my: Nader, my God, by U;
nader, my God by U, steeds naderby!

En as ek dan ontwaak, vol van u lof,
rig ek my altaar daar op uit die stof.
So kan beproewing lei, nader, my God, by U;
nader, my God, by U, steeds naderby!

En word ek hiervandaan, eenmaal gedra,
dan vaar ek hemelwaarts, dis wat ek vra;
dan sal my lied nog bly: Nader, my God, by U,
nader, my God, by U, steeds naderby!

Sarah F. Adams (1805-1848) L. Mason (1792-1872)